

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Oktober 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-1:4, 5 (Sb 9)

- 4 Ek sien toe weer in hemelsfere / die skaar wat liggend voor God staan.
Hul was bekleed met lang wit klere: / maar wie is hul, en waarvandaan?
Toe kom by my gesigsverrukking / 'n stem my ruisend tegemoet:
“Die skaar kom uit die groot verdrukking, / gereinig in die Lam se bloed.
- 5 “Hul 't in die bloed, deur Gods genade, / hul kleed gewas, en vlekloos rein
mag hul nou in hul straalgewade / as priesters voor Gods troon verskyn;
hul mag aan Hom hul dienswerk heilig, / en altyd in sy tempel bly.
God self sal hulle daar beveilig / as Hy sy tentseil oor hul sprei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle kroneⁿoorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 30:3, 4 (p. 138)

- 3 Sing nou, Gods gunsgenote, bly, / 'n danklied aan die HEER gewy.
Spreek lof, bring in gedagtenis / sy Naam wat hoog en heilig is!
Al laat Hy ons 'n oomblik bewe, / sy goedheid duur ons ganse lewe.
- 4 Die droefheid wat ons hart verskeur, / – wanneer ons saans mistroostig treur
en uitbreek in ons jammerklag – / sal, soos die pelgrim, net vernag;
want nouliks blink die môreglore / of jubelsange word gebore.

Skriflesing: Daniël 11:29-45; 2 Tessalonisense 2:1-12; Openbaring 7:9-17

Kernverse: Daniël 11:32; 36, 45

En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleierey afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.

En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.

En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see en die berg van die heilige Prag; maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie. (Daniël 11:32, 36, 45 AFR53)

Tema: Die ryk van die Antichris is skielik weg – die koninkryk van God bestaan vir ewig

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar kom soms bitter moeilike tye in 'n mens se lewe en dan kry 'n mens die gevoel dat daar nie 'n einde aan die swaarkry sal kom nie. Die een golf na die ander tref jou sodat dit vir jou lyk asof jou hele wêreld op sy kop gedraai is. Jou gedagtes is in 'n warboel en dit lyk asof niks ooit weer normaal vir jou sal wees nie. Dit is in sulke tye wat 'n mens dan verlang dat daar net 'n einde sal aanbreek.

'n Soortgelyke gevoel en verlange kom soms by gelowiges wanneer hulle 'n hoofstuk soos Daniël 11 lees waarin die Heilige Gees die Antichris in sy afgryslikheid vir ons teken. Die engel het uit die boek van die waarheid aan Daniël geprofeteer wat in die toekoms met sy volk sal gebeur. Daar sal 'n koning na vore tree en hy sal die allerverskriklikste dinge teen die volk van die Here en teen die Here self doen. Vir ons wat nou leef, is hierdie profesie enersyds geskiedenis wat afgeloop het, maar andersyds is dit vir gelowiges slegs 'n gedeeltelik vervulde profesie. Daniël 11 is die voorprent van wat die kerk van Jesus Christus sal beleef tot en met die wederkoms van Jesus Christus.

Ons het dit al by 'n vorige geleentheid vir mekaar gesê dat die Here hierdie dinge aan ons openbaar – nie om die gelowiges moedeloos en neerslagtig te maak nie. Hierdie dinge is geopenbaar sodat die gelowiges voorbereid kan wees op die dinge wat gaan gebeur. En met hierdie openbaring lei die Heilige Gees die gelowiges in Christus se arms in, want dit is alleen in Jesus Christus waar hulle veilig is.

Wanneer ons vir 'n derde keer by hierdie hoofstuk stilstaan, lei die Heilige Gees ons om die troue sorg en liefde van God raak te sien. In hierdie hoofstuk word vyf keer van die verbond, of die heilige verbond, melding gemaak. Ons wat net nou die dag getuies was van die doop van 'n dogtertjie weet die verbond is die verhouding wat God self met Abraham begin het. En dwarsdeur die jare bevestig die Here hierdie verbond telkens met die gelowiges en hulle kinders. Aanhoudend herinner Hy hulle daaraan dat Hy hulle God is en dat hulle deur die geloof sy kinders sal bly.

Daar is egter iets wat ons mense dikwels aangaande hierdie verbond vergeet – ons vergeet dat die Here ook gesê het dit is 'n ewige verbond. Daarmee bedoel die Here dat sy verhouding met mense en die verlore mense se verhouding met die Here vir ewig en altyd sal aanhou. Hierdie verhouding sal nooit tot 'n einde kom nie.

Broers, susters en kinders, hoe graag 'n mens ook al die einde van die ellende en die verdrukking van die kerk in hierdie wêreld wil sien aanbreek, dit sal net op die vasgestelde

tyd kom. Hierdie twee begrippe *einde* en *vasgestelde tyd* kom by herhaling in hierdie hoofstuk voor. Wanneer die Heilige Gees ons vanoggend lei om die troue sorg en liefde van God die Vader raak te sien, dan is daar twee dinge wat uitstaan. Aan die een kant verseker die Heilige Gees ons dat daar beslis 'n einde kom aan die Antichris en sy ryk. Aan die ander kant verseker Hy ons dat die koninkryk van God vir ewig sal bly bestaan.

Daniël moes hoor dat die koning wat gaan kom, sal doen net wat hy wil. Hy sal homself verhef en hom groot hou bo enige god. Hy sal hom nie steur aan die gode wat sy voorvaders gedien het nie. Ook nie eers die vrouens se lieflingsgod sal by koning Anthiochus in aansien wees nie. Maar hierdie verwerping van die afgode van sy voorvaders is nie om plek te maak vir diens aan die ware God nie. Anthiochus het homself nie net verhef bo afgode nie – hy het selfs sover gegaan om hom te verhef bo die enigste lewende God en om Hom te laster.

Hieruit word dit vir die soveelste maal duidelik dat die Antichris – net soos Anthiochus – se geweld nie in die eerste plek teen mense, volke en state is nie, maar teen God self. Wat hy die graagste sal wil hê is om die God van hemel en aarde uit sy woning in die hemel te verdryf. Die Antichris wil self die troon in die hemel beset. Maar aangesien hy dit nie kan regkry nie, volstaan hy daarmee om in die tempel van God op die aarde te gaan sit en voor te gee dat hy God is. Baie mense sal deur die Antichris se vertoon oorweldig word. Johannes skryf in Openbaring 13 dat die bewoners van die aarde in verwondering sal staan oor alles wat die Antichris sal kan doen in wonders en tekens en hulle sal hom aanbid asof hy 'n god is.

Wanneer die Antichris voorgee dat hy God is, gaan hy verder om buitengewoon lasterlike dinge teen die lewende God te sê. En asof dit nie erg genoeg is nie, hoor ons ook dat hy voorspoedig sal wees. Hy gaan met sy lasterlike woorde teen die Here wegkom, lyk dit vir ons. Die voorspoed wat hy met hierdie geweld teen God gaan hê, word daarin duidelik dat die bewoners van die aarde ewe vrolik instem met die lastering teen God en hulle doen lustig daaraan mee. Dit is mos nou al mode by die wêreldse mense om die Name van ons Drie-enige God op elke denkbare manier te gebruik as 'n uitroep en 'n vloekwoord. En gelowiges kan hulle maar oor en oor waarsku en vermaan. Dit lyk asof die wêreldse mense net nie die erns van hulle misdaad begryp nie, want die vermanings en waarskuwings rol van hulle af.

Gaan God dan nie 'n einde maak aan hierdie lastering teen Hom nie? Is dit maar hoe dit sal aanhou? En net wanneer 'n mens dink dat die Antichris vir altyd hiermee gaan wegkom, word die volgende woorde soos 'n dreigende donderstorm gehoor: **totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word** (Dan 11:36).

Hierdie grimmigheid is nie die Antichris se woede teen die Here en sy kerk nie. Dit is God se toorn oor sy volk. Die Here se toorn oor sy volk? Beteken dit God se toorn oor die kerk van sy Seun Christus? Presies net so. Kyk weer na vers 35 – God gebruik die geweld van die wêreld teen Hom en teen sy kerk om die kerk te louter, te reinig en te suiwer. Wanneer die gelowiges gelouter word, is dit soos wat Petrus dit verduidelik (1 Pet 1:7). Die erts word in 'n vuuroond geplaas om die goud in die erts te suiwer en te reinig van alle onreinhede.

En die eindproduk is goud wat gelouter is – dit is suiwer goud.

Die kerk wat uiteindelik die bruid van Jesus Christus sal wees by die bruilofsmaal van die Lam moet volmaak wees. Haar hele wese sal gelouter wees – elke gelowige sal glo en lewe soos iemand wat niks en niemand anders behalwe God en sy Seun raaksien nie. Hierdie

loutering moet gebeur, want in die kerk wat ons vandag sien, is daar nie net ware gelowiges nie. Daar is ook huigelaars – mense wat voorgee dat hulle glo, maar nie werklik al hulle vertrou in Jesus Christus alleen stel nie. En selfs in die lewens van die ware gelowiges is daar nog dinge teenwoordig wat nie daar hoort nie. Maar die Heilige Gees is besig om die ware gelowiges te reinig met die Woord, en by tye gebruik Hy die gloed van wêreld se geweld.

Ook die loutering van die kerk sal gebeur tot die tyd van die einde, want dit sal nog duur tot op die vasgestelde tyd. Nogeens word dit uit hierdie woorde in vers 35 en 36 duidelik dat God ter wille van sy kerk nog die geweld van die wêreld teen sy kerk en teen Hom duld. Dit is ook ter wille van sy kerk wat Jesus Christus uiteindelik volmaak voor die Vader se troon sal stel dat God die buitengewone lastering van die Antichris sal duld. Hy duld dit net omdat die kerk gesuiwer en gereinig moet word. En Hy sal dit duld totdat elke ware gelowige volmaak gereinig is en die kerk heeltemal gesuiwer is van al die afvalliges.

Dan sal gebeur wat die Heilige Gees in vers 45 sê: Die einde van die Antichris sal aanbreek en daar sal vir hom geen helper wees nie. So het dit gebeur met koning Antiochus destyds. Hy het nog voortgegaan met sy geweld teen elkeen wat nie voor sy mag wou buig nie en toe skielik was alles verby. Hy het gesterf omdat die oordeel van God hom getref het. Antiochus het homself te pletter geloop teen die heilige verbond wat hy gepoog het om tot niet te maak. Wat die Antichris betref, verseker die Heilige Gees ons dat sy laaste dag reeds deur God bepaal is. Hy sal nog sy lastering teen God uitbulder en met sy swaard die kerk vermink en vermoor. Maar wanneer elke ware gelowige gereinig is en die kerk heeltemal van alle onsuiverheid gelouter is, sal sy einde aanbreek. Jesus Christus sal verskyn en met die asem van sy mond sal Hy die Antichris verdelg. Mense sal hom nog soek, maar hy sal nie meer daar wees nie.

En as dit te wonderlik klink vir ons sondige ore, kan ons maar net weer in Handeling 12 gaan lees wat het met Herodes gebeur. Hy het ook sy hand aan die kerk van Jesus Christus geslaan deur die apostel Jakobus dood te maak en Petrus in die gevangenis te stop. Hieroor was die Joodse volk in vervoering, want uiteindelik het hulle nou die owerheid aan hulle kant gehad om van die Naam van Jesus Christus en van sy volgelinge ontslae te raak. Alhoewel Herodes vir Jakobus doodgemaak het, het die engel van die Here vir Petrus uit die hand van Herodes gered.

Verleë is Herodes toe uit Jerusalem weg na Cesarea toe. Daar het hy by geleentheid voor die volk verskyn en toe hy praat het die mense uitgeroep dat dit 'n god is wat praat en nie 'n mens nie. Herodes was ingenome met hierdie lof uit die monde van sy onderdane. En toe? Toe het die Here hom net daar voor die mense getref met sy oordeel. Omdat Herodes die eer wat God alleen toekom vir homself opgeëis het, het hy voor die oë van die mense gesterf.

Net so sal die Antichris en sy ryk in 'n oomblik verdwyn. Die Antichris en sy ryk sal die hoogtepunt wees van alle aardse koninkryke wat nie die heerskappy van God wil erken nie. 'n Aardse ryk wat nie die heerskappy van God erken nie, word soos 'n dier wat alles en almal verskeur wat nie voor hom buig nie. Maar dit sal net tot op die vasgestelde tyd voortduur. God self vernietig die Antichris en dit gebeur deur die asem van Jesus se mond. Dan sal net God se koninkryk op die aarde oorbly en daar sal nie ander koninkryk wees wat dit ooit sal vervang nie.

Die troue sorg en liefde wat die Here vir sy kerk het, word nie net sigbaar in die feit dat Hy die Antichris op die vasgestelde tyd gaan vernietig nie. Die Here laat sy troue sorg en

liefde ook sien in die werk wat Hy doen met sy gelowiges. Wanneer gelowiges hoor van die swaar-kry wat die kerk onder die hand van die wêreld en die Antichris sal ly, kry hulle 'n beklemming om die hart. Die Heilige Gees vertel ook van die mense wat afvallig word van die Here en sy Woord. Dan vra gelowiges: Sal ons staande kan bly in die geloof wanneer hierdie dinge ons tref?

In vers 32 praat die Heilige Gees inderdaad van die mense wat deur die vleiere van Antiochus afvallig geword het van die geloof. Net so sal dit ook nog gebeur wanneer die Antichris sy verskyning maak. Hy sal met behulp van die valse profeet baie mense laat afsien van die geloof in Jesus Christus. Maar laat dit jou nie afskrik nie. Let op na die laaste woorde in daardie vers: **maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.**

Die Heilige Gees sê nie dat hulle geloof so sterk was dat die duiwel nie kans sien om hulle van God af weg te trek nie. Daar staan geskryf dat hulle God ken. Omdat hulle weet wie God is – Hy het Homself in sy Woord en in Jesus Christus aan hulle geopenbaar het – kan hulle deur die geloof aan Hom vashou. Hy was nog altyd hulle toevlug gewees.

En hierdie gelowiges wat God ken, is ook nie sondelose mense nie. Dit is gelowiges wat weet hoe swak hulle self is en weet hoe dikwels hulle struikel en val. Maar hulle het God in Jesus Christus leer ken. Daarom weet hulle dat hulle op grond van Christus se bloed vergifnis by God kan ontvang en Hom smee om hulle in Christus te versterk. Dit is daarom nie jou geloofskrag wat jou staande gaan hou in die aanslae van die wêreld en die Antichris

nie. Dit is Jesus Christus se krag wat gelowiges gaan dra, want die Heilige Gees laat hulle deur die geloof deel kry aan daardie krag. Die gelowiges maak hulle klere wit, nie deur hulle eie vermoë nie, maar net in die bloed van die Lam, skryf Johannes.

Daarom geliefdes, is dit so noodsaaklik dat 'n mens die Here regtig leer ken soos wat Hy Hom openbaar. Hulle wat God ken, sal kan vasstaan. Hulle wat God ken, sal ondervind hoe die Heilige Gees hulle met die Woord lei om in die voetspore van Jesus Christus te volg. Deur sy Gees versterk God elkeen van sy gelowiges om staande te bly in die geloof. En Hy plaas gelowiges in 'n gemeenskap van gelowiges waar hulle mekaar kan ondersteun en herinner aan die Here en sy Woord.

Geliefdes, ons is nog in die voorgeskiedenis van die Antichris. Maar reeds in hierdie dae word die werkswyse van die Antichris al duideliker. Die Here verseker ons dat die Antichris se heerskappy 'n smeltkroes vir die kerk sal wees. Dit sal bitter moeilik gaan. Maar dit sal nie altyd aanhou nie. Op die vasgestelde tyd sal die Here 'n einde bring aan sy geweld. Die Antichris en sy ryk sal tot niet gaan, maar die ryk van God sal ewig bly bestaan. Sy verhouding met al sy gelowiges is 'n ewige verbond.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:2, 4 (Sb 28) Tweede melodie Psalm 50

- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Bose^o as hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 100:1-4 (p. 494)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Oktober 2017